INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# GESKIEDENIS: VRAESTEL II

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur | 200 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

## AFDELING A INDIVIDUELE BRONONTLEDING

## VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING

1.1 *Waarvoor staan die afkorting AAB?*
**[VLAK 1]**

- Anti-Apartheid-beweging.

1.2 *Watter betekenis van hierdie optog in 1985 probeer die fotograaf vasvang? Ondersteun jou antwoord met TWEE visuele leidrade.*
**[VLAK 3]**

- Die fotograaf het op die leiers van hierdie optog gefokus om te illustreer dat dit internasionale erkenning geniet.
- Dit toon hoe die leier van die ANC in ballingskap, Oliver Tambo, hande vashou met Jesse Jackson, die Amerikaanse burgerregte-aktivis en vader Trevor Huddleston, die hoof van die Britse AAB.
- Die fotograaf het die veelrassige aard van die optog vasgevang en toon dat dit ondersteuning van alle geslagte en ouderdomsgroepe het.

1.3 *Gebruik die bron en jou kennis en dui aan hoe suksesvol die AAB was om die Britse regering, gelei deur Margaret Thatcher, oor te haal om sanksies teen die apartheidsregering in te stel.*
**[VLAK 2]**

- Die AAB was in 'n mate suksesvol om druk op die Britse regering uit te oefen om weg te beweeg van Margaret Thatcher se beleid van konstruktiewe betrokkenheid by Botha se regering
- Barclays Bank en ander Britse maatskappye het wel hul beleggings in apartheid Suid-Afrika onttrek.
- Kandidate mag dalk verkies om te sê dat die AAB nie suksesvol was om die Britse regering onder leiding van Margaret Thatcher te oortuig nie, omdat sy 'n beleid van konstruktiewe betrokkenheid voorgestaan het en sterk geglo het dat dit beter is om ligte druk op die apartheidsregering uit te oefen en dat sanksies die gewone mense sou seermaak.

1.4 *Gebruik die bron en jou eie kennis en gee TWEE voorbeelde van maniere waarop die internasionale gemeenskap druk op die apartheidstaat geplaas het om hul wette te verander.*
**[VLAK 1]**

- Boikotte van Suid-Afrikaanse produkte
- Sportboikotte
- Kulturele boikotte

**[ENIGE TWEE relevante punte]**

1.5 *Hoe sou hierdie foto in 1985 deur mense wat in Soweto gewoon het, ontvang gewees het?*
**[VLAK 4]**

- Hierdie foto sou in 1985 hoop by die mense in die townships van Suid-Afrika laat opvlam het.
- Hulle sou baie trots gewees het om te sien hoe Oliver Tambo hande vat met internasionale figure soos Jesse Jackson en vader Trevor Huddleston om 'n optog van 150 000 mense na Trafalgar-plein te lei.
- Hulle sou baie opgewonde gewees het om te sien dat die ANC en die bevrydingstryd soveel steun in Engeland gehad het. Hulle was nie alleen in hul stryd teen apartheid nie.

**[ENIGE TWEE relevante punte.]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 2 TEKSTUELE BRONONTLEDING

2.1 *Van watter bevrydingsbeweging was Sam Nujoma in 1990 die leier?*
**[VLAK 1]**

- SWAPO – Suidwes Afrika Politieke Organisasie

2.2 *Gebruik jou eie kennis om te verduidelik hoe "die veranderde internasionale situasie" bygedra het tot die gladde oorgang na onafhanklikheid in Namibië in 1990. Verskaf TWEE omvattende punte.*
**[VLAK 3]**

- Die Koue Oorlog het teen 1990 geëindig en dit het beteken dat bevrydingsorganisasies soos SWAPO nie meer op steun van die Sowjetunie kon staatmaak nie en dat die Suid-Afrikaanse regering nie meer op steun van die weste kon staatmaak vir hul anti-kommunistiese standpunt nie.
- Dit het albei kante genoop om 'n pad vorentoe vir Namibië te beding.

2.3 *Gebruik jou kennis om te verduidelik wanneer en hoe Suid-Afrikaanse heerskappy in Namibië begin het.*
**[VLAK 1 EN 2]**

- Dit het ná die Eerste Wêreldoorlog begin toe Suid-Afrika 'n mandaat oor Duits-Suidwes-Afrika verkry het vir hul bydrae tot die Geallieerdes se oorwinning in 1918.
- Die Suid-Afrikaanse Regering kon Suidwes-Afrika administreer asof dit deel van hul grondgebied was.

2.4 *Soek 'n historiese konsep in die bron wat die beste by elk van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking is nodig nie)*
**[ALMAL VLAK 2]**

2.4.1 *'n Nasie se rykdom of bates.*
- kapitaal

2.4.2 *Die stel wette wat 'n nasie regeer*.
- grondwet

2.4.3 *Gewelddadige verdrukking en oorheersing*.
- onderdrukking

2.5 *Waarom was die vreedsame oorgang na onafhanklikheid in Namibië so merkwaardig, volgens die skrywer? Verskaf TWEE redes*.
**[VLAK 4]**
- Die skrywer sê dat die vreedsame oorgang na onafhanklikheid in Namibië merkwaardig was, omdat daar soveel onderdrukking deur die Suid-Afrikaanse apartheidstaat was en die oorlog vir onafhanklikheid gewelddadig was en 'n nalatenskap van bitterheid gelaat het.
- Tog kon hulle 'n vreedsame oorgang na onafhanklikheid beding.

IEB Copyright © 2022 

## VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

3.1 *Gebruik die bron en jou kennis om te verduidelik waarom die skrywer Mac Maharaj geskryf het dat FW de Klerk 'n ingewikkelde nalatenskap het. Verskaf TWEE omvattende punte.*
**[VLAK 4]**

- De Klerk se nalatenskap is ingewikkeld, aangesien hy die laaste apartheidspresident was wat saam met Nelson Mandela die Nobelprys vir Vrede ontvang het vir sy rol in die beëindiging van apartheid en die begin van demokrasie in 1994.
- Hy word ook onthou vir sy betrokkenheid by party van die laaste stadiums van onderdrukking en dat hy bewus was van die rol van die sogenaamde Derde Mag wat verantwoordelik was vir 'n deel van die verskriklike geweld in die 1990's.
- Hy was 'n lojale lid van die Nasionale Party wat die apartheidswette ondersteun het totdat hy in 1990 met die proses van aftakeling van die beleid begin het.
- Hy word ook onthou dat hy tot aan die einde nie wou erken dat apartheid 'n misdaad teen die mensdom was nie.

**[ENIGE TWEE punte]**

3.2 *Hoe het FW de Klerk die Waarheid-en-versoeningskommissie behandel, volgens die artikel? Gee EEN aanhaling om jou antwoord te staaf*.
**[VLAK 4]**

- Volgens hierdie artikel was de Klerk oneerbiedig teenoor die proses van die Waarheid-en-versoeningskommissie, aangesien hy nie die volle waarheid vertel het toe hy tot verantwoording geroep is vir sommige apartheidsmisdade waarvan hy as president geweet het nie.
- "Hy was suinig met die waarheid by die Waarheid-en-versoenings-kommissie …"

3.3 *Wat was FW de Klerk se grootste mislukking, volgens die skrywer?*
**[VLAK 2 EN 4]**

- Volgens die skrywer was FW de Klerk se grootste mislukking dat hy nie kon verstaan dat apartheid 'n misdaad teen die mensdom is nie en hy was werklik nie in staat om homself of die mense wat hy verteenwoordig het, heeltemal te transformeer nie.
- Die skrywer het geskryf dat dit 'n "groot en onuitwisbare vlek" is wat nie verwyder kan word nie.

3.4 *Wat was FW de Klerk se grootste belang tydens die onderhandelings oor die skepping van die nuwe nasie wat in 1994 sou ontstaan, volgens die skrywer van hierdie artikel?*
**[VLAK 2]**

- FW de Klerk se grootste belang in die onderhandelingsproses was om die belange van die wit minderheid bo die belange van die nuwe nasie te stel.

3.5 *Hoe betroubaar is hierdie artikel as 'n beoordeling van FW de Klerk se nalatenskap as die laaste apartheidspresident?*
**[VLAK 6]**

- Hierdie artikel is in 'n mate betroubaar of betroubaar met sekere beperkings.
- Die skrywer, Mac Maharaj, het sedert 1994 saam met de Klerk in Mandela se kabinet gedien en hy was deel van die onderhandelingsproses in die 1990's.
- Dit is egter belangrik om te onthou dat hy 'n ANC-steunpilaar was wat by die gewapende stryd betrokke was en daarom waarskynlik nie vir FW de Klerk sou prys nie.
- Dit is ook belangrik om te besef dat dit gepubliseer is as 'n meningstuk na die dood van FW de Klerk op 11 November 2021 en dat dit een van vele artikels was wat verskillende menings oor FW de Klerk se nalatenskap gegee het.

**Om volpunte te verkry, moet melding gemaak word van oorsprong, bedoeling en vooroordeel/beperking en waarde binne die bron.**

**Gebruik hierdie rubriek saam met bogenoemde riglyne:**

| | |
|---|---|
| **5–6** | **Evaluering/Beperking & Vooroordeel**<br>Begryp die bron/erken die beperking/fokus op oorsprong en bedoeling en erken vooroordeel om af te lei dat die bron beperkte betroubaarheid het. Moet 'n verwysing na vooroordeel in die bron of vooroordeel van oorsprong en publikasie aanhaal/verskaf om 6 punte te verdien. |
| **3–4** | **Ontleding en Beperking**<br>Toon die vermoë om die bron te begryp/erken oorsprong en/of bedoeling en vae vermelding van die beperking van die bron as dit alleen gebruik word/geen poging om die bron te evalueer nie (vooroordeel, ens.) |
| **1–2** | **Begrip**<br>Beskryf die inligting wat uit die bron verkry is/slegs in staat om die bron te begryp, maar geen poging om die bron self te evalueer nie (beperkte bespreking van oorsprong of bedoeling). |
| **0** | **Geen poging aangewend om die vraag te beantwoord nie.** |

## AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

**Bestudeer die bronne in die Bronmateriaalboekie en beantwoord dan die volgende vrae:**

**Verwys na Bron A**

4. *Gebruik die bron en skryf TWEE van die uitdagings neer wat die Sowjetunie in 1985 in die gesig gestaar het toe Gorbachev aan bewind gekom het.*
**[VLAK 1]**

- Ekonomie het begin wankel
- Afvalliges en kritici van binne en buite het versoek dat politieke onderdrukking beëindig moes word.

5. *Gebruik die bron en jou kennis en verduidelik die beleid van glasnost. Gee TWEE punte.*
**[VLAK 2]**

- Die beleid van glasnost het wegbeweeg van staatsgeheimhouding en het "deursigtigheid en openheid" beteken.
- Dit het nuwe persvryhede gegee wat dit moontlik gemaak het om die mees negatiewe aspekte van die Sowjetunie bloot te lê – verlede en hede.

6. *Gebruik die bron en jou kennis en beskryf hoe die beleid van perestroika die Sowjetunie sou transformeer. Gee DRIE punte*.
**[VLAK 3 en 4]**

- Die beleid van perestroika was daarop gemik om die Sowjet polities en ekonomies te herstruktureer.
- Die doel was om die Sowjet-ekonomie te herbou/hervorm, nie bloot met kapitalisme te vervang nie. Hooffokus was om weg te beweeg van algehele staatsbeheer (sentraal beplande ekonomie) om ruimte te laat vir markkragte om te funksioneer.
- Private besighede is toegelaat om bedryf te word, en hulle kon hul eie besluite neem oor pryse, produksie en bemarking. Hulle moes hulself finansier uit lenings van nuutgeskepte staatsbanke.
- Bankrot besighede in staatsbesit kon nie meer staatmaak op staatsondersteuning nie. Die staat het baie van sy subsidies onttrek wat gelei het tot meer realistiese pryse, afhangende van vraag en aanbod.
- Mense kon teen 'n wins koop en verkoop en internasionale beleggings is aangemoedig.

**[ENIGE DRIE punte]**

7. *Wat was die impak van hierdie hervormings op die Sowjetunie, volgens die skrywer? Ondersteun jou antwoord met EEN aanhaling.*
**[VLAK 4]**

- Die skrywer sê dat hierdie hervormings nie die enigste rede vir die einde van die Sowjetunie was nie, maar dat dit die gebeure verhaas het, en in plaas daarvan om die Sowjetunie te versterk, het dit die grondslag daarvan ondermyn.
- "Alhoewel die hervormings van glasnost en perestroika nie die enigste oorsake van die ontbinding van die USSR was nie, het die magte wat hulle ontketen het 'n reeds verswakkende stelsel gedestabiliseer en die einde daarvan verhaas."

**OF**

- "Daar bestaan min twyfel dat hierdie hervormings, wat bedoel was om die ekonomie te versterk en die politieke stelsel te transformeer, eerder die grondslag van die Sowjetunie ondermyn het."

**Verwys na Bron B**

8. *Waarom het Gorbachev baie trots gevoel oor perestroika? Gee DRIE redes.*
**[VLAK 3]**

- Perestroika was die program wat hy gevestig het om die Sowjet-ekonomie en politieke stelsel te hervorm en te herstruktureer.
- Dit het ook die herstrukturering van internasionale betrekkinge wat op kernontwapening sou aandring, behels, en die einde van gewelddadige ingryping in ander lande, en beweeg na die besef dat selfs supermoondhede in 'n interafhanklike wêreld leef.
- Dit het tot die einde van die Koue Oorlog gelei en na 'n nuwe wêreldorde beweeg.
- Uiteindelik het dit gelei tot die geleidelike wegbeweeg van 'n totalitêre staat na 'n demokrasie.

**[ENIGE DRIE redes]**

9. *Gee die naam van die Sowjetunie se beleid teenoor die Oos-Europese state voordat Gorbachev die beleid van nie-ingryping ingestel het.*
**[VLAK 2]**

- Die Brezhnev-leerstelling

IEB Copyright © 2022

**Verwys na Bron C**

10. *Glo die spotprenttekenaar dat Gorbachev se hervormings die ideologie van kommunisme wou vernietig? Ondersteun jou antwoord met TWEE visuele leidrade.*
**[VLAK 4]**

- Nee, hy glo nie dat Gorbachev die ideologie van kommunisme wou vernietig nie.
- Hy skets Gorbachev wat in 'n nuwe rigting wys, maar hy wil hê dat die idees/ideologie van Kommunisme saam met hom moet beweeg.
- Die spotprenttekenaar skets die voormalige leiers van kommunisme asof hulle nie Gorbachev se hervormings steun nie, maar hy probeer hulle oorhaal om by hom aan te sluit.
- Gorbachev word geskets as 'n moderne man wat wil hê dat die idees van Kommunisme 'n nuwe era moet betree.
- Die opskrif, "Voorwaarts kamerades!" suggereer dat hy nie kommunisme wil agterlaat nie – hy wil hê Marx, Lenin en Stalin moet saam met hom die toekoms betree.

**[Moet 'n standpunt inneem en dit dan met TWEE visuele leidrade ondersteun.]**

**Verwys na Bron D**

11. *Hoe het die leiers van Solidariteit in Pole voordeel getrek uit Gorbachev se hervormings in 1989? Gee DRIE punte.*
**[VLAK 2 EN 4]**

- Leiers soos Lech Walesa was in 'n goeie posisie om voordeel uit die hervormings te trek, aangesien hulle reeds gevestig was as 'n beweging met 10 miljoen lede.
- Hulle was die eerstes wat Gorbachev se beleid getoets het dat die Sowjetunie nie meer geweld sal gebruik om kommunisme in die satellietstate te verdedig nie.
- Hulle het ingestem tot die rondetafel-gesprekke met kommunistiese leiers, wat in Junie 1989 tot gedeeltelik vrye verkiesings gelei het.
- Solidariteit het 'n klinkende oorwinning behaal en Tadeusz Mazowiecki het daardie September 'n regering saamgestel.

12. *Wat openbaar Solidariteit se verhaal van die rol van nasionalisme en populêre protes in die verbrokkeling van die Sowjetunie teen 1991? Gee DRIE punte.*
**[VLAK 6]**

- Die verhaal van Solidariteit onthul dat nasionalisme en volksprotes 'n groot rol gespeel het in die verbrokkeling van die Sowjetunie.
- Hul suksesvolle organisasie, selfs voor Gorbachev se hervormings, het gelei tot massa-teenstand teen kommunisme. Dit het aan die lig gebring dat samewerking tussen vakbonde, die kerk en ander organisasies 'n gerekende mag kan wees wat teen 1981 alreeds 10 miljoen lede gehad het.
- Hulle het die voorbeeld vir ander Europese lande gestel om te volg, soos Hongarye, Oos-Duitsland en Tsjeggo-Slowakye.

**[Gee DRIE omvattende punte]**

**Verwys na Bron E**

13. *Wat openbaar die foto van die motivering van die betogers in 1989? Ondersteun jou antwoord met TWEE visuele leidrade.*
**[VLAK 6]**

- Hierdie foto onthul dat die mense van Oos-Berlyn verandering wou hê, dat hulle geglo het Gorbachev het hul eise gehoor en dat hy hul behoefte aan 'n nuwe regering ondersteun het.
- Dit ondersteun die betogers, omdat dit aandui dat almal in Oos-Berlyn ten gunste van demokrasie was en Gorbachev as hul hoop beskou het. Hulle was gemotiveer om voordeel te trek uit sy besoek om vreedsame verandering teweeg te bring.
- Jy kan dit sien aan die gelukkige gesigte en dat hulle hande klap vir Gorbachev. Hulle aandag is op Gorbachev gevestig.
- Die beskrywing van die foto haal ook aan uit die dagboek van Anatoly Chernyaey wat beskryf het hoe die skares in Oos-Berlyn Eric Honecker geïgnoreer en "Gorby! Gorby!" gedreunsing het.

**Verwys na Bron F**

14. *Verwys na Bron F asook jou eie kennis om aan te dui of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR neer. (Geen verduideliking is nodig nie.)*
**[ALMAL VLAK 2]**

14.1 *Gorbachev het die verval van kommunistiese ideologie veroorsaak.*
- ONWAAR

14.2 *Die Sowjetunie was veral bedrewe in die hantering van inligting.*
- ONWAAR

14.3 *Gorbachev se beleid van perestroika kon nie die Sowjetunie in staat stel om die Verenigde State in te haal nie.*
- WAAR

14.4 *Die Sowjetunie het te veel op militêre mag gefokus.*
- WAAR

14.5 *Gorbachev was verantwoordelik vir die gewelddadige vernietiging van die Sowjetunie.*
- ONWAAR

**Verwys na Bron G**

15. *Soek 'n konsep in Bron G wat die beste by elk van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking is nodig nie.)*
**[ALLE VLAKKE 2]**

15.1 *'n Ekstremistiese standpunt wat nie ontvanklik vir kompromie is nie.*
- geharde kommunis

15.2 *'n Persoon vir wie papierwerk belangriker as individuele behoeftes is.*
- burokraat

15.3 *Sowjet-geheimediensagentskap wat in 1954 gestig is.*
- KGB

15.4 *Die nasies wat deel van die USSR was.*
- Saamgestelde Republieke

15.5 *'n Groep mense wat 'n gemeenskaplike kultuur, taal of godsdiens-praktyke deel.*
- Etniese meerderheid

**Verwys na Bron G en H**

16. *Vir wie hou die skrywer van Bron G verantwoordelik vir die verbrokkeling van die Sowjetunie? Verskaf EEN aanhaling om jou antwoord te staaf.*
**[VLAK 4 EN 2]**

- Die skrywer hou Boris Yeltsin hoofsaaklik verantwoordelik vir die verbrokkeling van die Sowjetunie.
- "Tog was die persoon wat die meeste voordeel uit hierdie gebeure getrek het, nie Gorbachev, wat tydens die staatsgreep magteloos was nie, maar Yeltsin, wat wye erkenning ontvang het dat hy die staatsgreep afgeweer het."

**OF**

- "Hy het toe saam met ander leiers van die saamgestelde republieke gewerk om die USSR te vernietig."

17. *Watter rol het Gorbachev se hervormings in die ineenstorting van die Sowjetunie gespeel, volgens Bron G? Gee TWEE punte.*
**[VLAK 4]**

- Die poging om die Sowjetunie te demokratiseer, het slegs gelei tot verdeeldheid binne die Sowjetunie.
- Dit het tot 'n staatsgreep in die middel van Augustus 1991 gelei, waar geharde kommuniste Gorbachev gevange geneem het. Die mislukte staatsgreep het toe gelei tot die ontbinding van die KGB en die skorsing van die Kommunistiese party self.

18. *Hoekom het Gorbachev in Desember 1991 as president bedank, volgens Bron H?*
**[VLAK 4]**

- Hy het uit beginseloorwegings bedank.
- Hy was ten gunste van die onafhanklikheid van mense en het die soewereiniteit van die republieke erken, maar hy kon nie saamstem met die beleid wat gelei het tot die verbrokkeling van die land nie.

19. *Wou Gorbachev hê dat die Sowjetunie moes verbrokkel? Verskaf EEN aanhaling uit Bron H om jou antwoord te staaf.*
**[VLAK 2]**

- Nee, Gorbachev wou nie hê dat die Sowjetunie moes verbrokkel nie.
- "Terselfdertyd het ek die behoud van die Uniestaat en die integriteit van die land ondersteun."

20. *Was Gorbachev spyt dat hy sy demokratiese hervormings ingestel het, volgens Bron H? Verskaf EEN aanhaling om jou antwoord te staaf.*
**[VLAK 4 EN 2]**

- Nee, Gorbachev was nie spyt oor sy demokratiese hervormings nie, maar hy het erken dat dit riskant was.
- "Maar selfs vandag is ek oortuig van die historiese korrektheid van die demokratiese hervormings wat in die lente van 1986 begin is."

IEB Copyright © 2022

## AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

**Gebruik bronne A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:**

*In watter mate was Mikhail Gorbachev se hervormings verantwoordelik vir die verbrokkeling van die Sowjetunie teen Desember 1991?*

**Maak seker dat jy die bronne gebruik om jou argument saam te stel en onthou om die bronne per nommer te erken.**

**[VLAK 2, 3, 4, 5, 6]**

**Hierdie opstel word holisties nagesien volgens die IEB se brongebaseerde opstelrubriek met die memorandum as riglyn.**

- Kandidate mag argumenteer dat Gorbachev se hervormings **in 'n groot mate** verantwoordelik was vir die verbrokkeling van die Sowjetunie teen 1991.
- Glasnost-beleid – deursigtigheid het negatiewe aspekte van die Sowjetunie blootgelê – het debat ontlok.
- Perestroika – poog om die ekonomie en samelewing te herstruktureer. Hierdie hervormings het die grondslag van die Sowjetunie ondermyn.
- Hervormings het populêre betogings in Oos-Europa aangemoedig.
- Nie-ingryping in teenstelling met die Brezhnev-leerstelling.
- Sy idees/nuwe denke het met tradisionele geharde kommunistiese denke gebots.
- Beweeg weg van totalitêre staat na demokrasie (demokratisering).
- Gorbachev se hervormings en verdraagsaamheid van meningsverskille het Pole se Solidariteit-beweging en ander Oos-Europese state aangemoedig om vir nuwe regimes te betoog.
- Die mense van Oos-Duitsland het Gorbachev beskou as hul hoop dat hulle van Sowjet-oorheersing kan wegbeweeg.
- Gorbachev se hervormings het 'n vreedsame einde aan die Ryk teweeg gebring.
- Interne opposisie teen Gorbachev se hervormingsverdelings wat mag gegee het aan die etniese meerderhede in die republieke wat vry van Russiese heerskappy wou wees.
- Gorbachev het self erken dat dit riskant was om op so 'n skaal met hervorming te begin, maar dit was die regte ding om te doen.

**OF**

- Kandidate mag argumenteer dat Gorbachev se hervormings **in 'n mindere mate** verantwoordelik was vir die verbrokkeling van die Sowjetunie teen 1991.
- Die Sowjetunie was in 'n krisis gedompel en Gorbachev se hervormings was bloot 'n poging om hierdie uitdagings aan te pak.
- Sy fokus was hoofsaaklik op perestroika gemik – die herstrukturering van die politieke en ekonomiese stelsel, nie om die Sowjetunie te vernietig nie, maar om dit te red.
- Die Solidariteit-beweging en andersdenkende stemme in ander Oos-Europese state het reeds bestaan voordat Gorbachev aan bewind gekom het.
- Professor Nye het verklaar dat die hoofoorsake van die ineenstorting/ verbrokkeling van die Sowjetunie die agteruitgang van kommunistiese ideologie en ekonomiese mislukking was. Verbrokkeling was onafwendbaar, want hul grootste fout was om op militêre mag te fokus ten koste van tegnologiese innovasie.
- Die ware rede was inderdaad Yeltsin se rol ná die mislukte staatsgreep.
- Gorbachev het verklaar dat hy gedwing is om te bedank, aangesien hy nie bedoel het dat sy hervormings tot die verbrokkeling van die Sowjetunie moes lei nie. Hy het nie saamgestem met die nuwe beleid wat daarop gemik was om die land te vermink nie.

IEB Copyright © 2022 

## In watter mate was Mikhail Gorbachev se hervormings verantwoordelik vir die verbrokkeling van die Sowjetunie teen Desember 1991?

| **Gorbachev se hervormings was in 'n groot mate verantwoordelik vir die ontbinding van die Sowjetunie teen Desember 1991.** | **Gorbachev se hervormings was in 'n mindere mate verantwoordelik vir die ontbinding van die Sowjetunie teen Desember 1991.** |
|---|---|
| **Bron A:** Gorbachev se beleid van Glasnost (openhartigheid en persvryheid) het die soeklig laat val op baie van die mees negatiewe aspekte van die Sowjetunie – beide verlede en hede. Perestroika het gepoog om die ekonomie en die samelewing te herstruktureer en te transformeer. Dit was nie die enigste oorsaak van die ontbinding van die USSR nie – die magte wat hulle ontketen het, het 'n reeds verswakkende stelsel gedestabiliseer. Alhoewel dit nie die bedoeling van die hervormings was nie, het hulle die grondslag van die Sowjetunie ondermyn. | **Bron A:** Selfs die bittereinders het besef dat verandering noodsaaklik was. Die ekonomie was in 'n krisis en daar was druk om politieke onderdrukking en 'n gebrek aan deursigtigheid te beëindig. Gorbachev se hervormings was bloot 'n poging om hierdie uitdagings aan te pak. |
| **Bron B:** Gorbachev self was die trotsste op wat Perestroika bereik het in die herstrukturering/ hervorming van die Sowjet-ekonomie en politieke stelsel. Hierdie beleid het populêre protes in die Oos-Europese state aangemoedig, omdat hulle nou op nie-ingryping kon staatmaak, anders as met vorige beleide (soos die Brezhnev-leerstelling). Gorbachev het opgemerk dat hierdie beleid uiteindelik gelei het tot die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde en 'n geleidelike wegbeweeg van 'n totalitêre staat na 'n demokrasie. | **Bron B:** Volgens Gorbachev was sy bedoelings 20 jaar na die ineenstorting van die Sowjetunie grootliks op perestroika gefokus – die herstrukturering van die Sowjetunie se politieke en ekonomiese stelsel en internasionale betrekkinge wat besef het dat hulle nie hul wil met geweld op ander nasies kon afdwing nie. Dit het die Oos-Europese state aangemoedig om interne regimeverandering teweeg te bring ... hulle moes die geleenthede aangryp. |
| **Bron C:** Hierdie spotprent deur Behrendt illustreer Gorbachev waar hy die Sowjetunie dapper in 'n nuwe rigting lei – visueel getoon deur sy verklaring van "Forwards Comrades!" en hy wys in 'n nuwe voorwaartse rigting terwyl die stigtervaders van Kommunisme – Marx, Lenin en Stalin almal agtertoe wys na konserwatiewe Rusland. Die Sowjet-vlag word ook uitgebeeld waar dit agtertoe in die rigting van die tradisionele Russiese leiers wapper. Alles dui daarop dat Gorbachev se hervormings nie die tradisionele Russiese manier is nie en dit tot die einde kan lei, aangesien hy van plan is om die nasie te neem na waarheen niemand voorheen gegaan het nie. | **Bron C:** Die gebruik van die frase "Voorwaarts kamerades!" suggereer dat die spotprenttekenaar nie sien dat Gorbachev beplan om die Sowjetunie te vernietig nie, maar eerder om dit na die moderne wêreld te laat beweeg. Die vlag hang aan flarde, wat aandui dat daar werklike probleme bestaan en dat hulle vorentoe moet beweeg, eerder as om die tradisionele konserwatiewe maniere te volg. Dit kan aandui dat Gorbachev se hervormings nie bedoel was om die Sowjetunie te vernietig nie, maar eerder om dit te red. |
| **Bron D:** Die leiers van Pole se Solidariteit-beweging was die beste voorbereid om voordeel te trek uit die nuwe denke/hervormings van Gorbachev. Hul leier Lech Walesa en sy mededingers en raadgewers was die eerstes om die waters te toets nadat Gorbachev aangekondig het dat die Sowjetunie nie meer kommunisme met geweld sou verdedig nie. Sonder Gorbachev se hervormings sou hulle moontlik nie die oorwinning behaal het wat gelei het tot 'n nuwe regime in September 1989 en soortgelyke gebeure wat in Hongarye, Oos-Duitsland en Tsjeggo-Slowakye aan die gang gesit is nie. | **Bron D:** Die Solidariteit Beweging was alreeds besig met massa-teenstand teen Kommunistiese heerskappy in Oos-Europa en het teen 1980-81 10 miljoen lede gehad. Dit was 'n vakbond wat samewerking met werkers en intellektuele behels het en deur die Katolieke Kerk ondersteun is. Hul betogings is stopgesit met die instelling van Krygswet deur die Sowjette in 1981, maar hulle was meer as gereed om voordeel te trek uit Gorbachev se hervormings en om voort te bou op wat hulle alreeds in Pole tot stand gebring het. |
| **Bron E:** Hierdie foto toon hoe gewild Gorbachev se leierskap in Oos-Duitsland was. Die mense drom saam om hom te ontmoet en volgens die dagboek van Anatoly Chernyaey dreunsing hulle 'Gorby! Gorby! en hou plakkate omhoog wat sê dat Gorbachev hul hoop was. Die vriendelike uitdrukking op Gorbachev se gesig en sy bereidwilligheid om die skare se hande te skud, dui aan dat hy werklik aan hulle kant was en dat hy geen gebruik van geweld teen hierdie pro-demokrasie skares sou voorstaan nie. | **Bron E:** Weereens kan ons sê dat hierdie foto illustreer hoe daar reeds populêre bewegings in Oos-Duitsland was en dat hulle deur Gorbachev se hervormings aangemoedig is, maar dat hulle nogtans sou protesteer. |

IEB Copyright © 2022

| | |
|---|---|
| **Bron F:** Professor Nye het opgemerk dat ons nie die belangrikheid van leiers met humanitêre waardes moet verontagsaam nie en dat, hoewel die Sowjetunie gedoem was, hy seker gemaak het dat die Ryk vreedsaam eindig. Daarom was sy hervormings grootliks verantwoordelik vir die vreedsame einde van die Ryk. | **Bron F:** Professor Nye het verklaar dat die belangrikste oorsake van die Sowjet-ineenstorting die agteruitgang van kommunistiese ideologie en ekonomiese mislukking was. Hy het beweer dat verbrokkeling onvermydelik was en dat dit sonder Gorbachev en sy hervormings sou gebeur het. 'n Groot rede was die gebrek aan tegnologiese innovasie en ten spyte van perestroika en glasnost teen die laat 1980's was slegs agt persent van die Sowjet-industrie wêreldwyd mededingend. Die Sowjetunie se grootste fout was om op militêre mag te fokus ten koste van ekonomiese mag en sagte mag. |
| **Bron G:** Gorbachev se hervormings het interne teenstand ondervind, selfs van diegene wat bevorder is. Die Unie-verdrag was veral ongewild onder konserwatiewes wat bang was om beheer te verloor en dit het tot 'n staatsgreep in die middel van Augustus 1991 gelei. Die poging om die land te demokratiseer, het slegs daarin geslaag om dit onderling te verdeel deur mag aan die etniese meerderhede in die republieke wat vry van Russiese beheer wou wees, te verleen. | **Bron G:** Die ware rede vir die verbrokkeling van die Sowjetunie was die mislukte staatsgreep wat daartoe gelei het dat die Unieverdrag, wat 'n mate van eenheid sou bewaar het, nie onderteken is nie. Gorbachev se hervormings was nie verantwoordelik vir hoe Yeltsin saam met die leiers van die saamgestelde republieke gewerk het om die USSR te vernietig nie. |
| **Bron H:** Gorbachev het in sy bedankingstoespraak wat op 25 Desember 1991 op televisie uitgesaai is, erken dat om met hervormings op so 'n skaal en in 'n land soos hulle s'n te begin, 'n uiters moeilike en riskante poging was, maar dat hy steeds oortuig was dat dit histories korrek was om dit te doen en dat die uiteindelike uitkoms die totalitêre stelsel wat verhoed het dat Rusland floreer, uitgeskakel en vernietig het. | **Bron H:** Gorbachev het verklaar dat hy gedwing is om te bedank, aangesien hy nie bedoel het dat sy hervormings sou lei tot die verbrokkeling van die Sowjetunie in die Statebond van Onafhanklike State nie. Hy was 'n voorstander van onafhanklikheid vir die volke en die erkenning van die soewereiniteit van die republieke, maar hy wou die Unie bewaar. Hy kon nie saamstem met die nuwe beleid wat daarop gemik was om die land te vermink en die staat te verdeel nie. |

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2022